higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

28 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Waar
	1.1.2	Waar
	1.1.3	Waar
	1.1.4	Waar
	1.1.5	Waar
	1.1.6	Onwaar
	1.1.7	Onwaar
	1.1.8	Waar
	1.1.9	Waar
	1.1.10	Waar
	1.1.11	Waar
	1.1.12	Onwaar
	1.1.13	Onwaar
	1.1.14	Onwaar
	1.1.15	Waar

(15 × 2) (30)

1.2	1.2.1	D
	1.2.2	L
	1.2.3	I
	1.2.4	M
	1.2.5	G
	1.2.6	E
	1.2.7	A
	1.2.8	C
	1.2.9	F
	1.2.10	N

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 LLB-graad (2)

2.2 Prokureursrol (2)

2.3
- Om ’n kliënt se saak in die hof aan te voer
- Om ’n kliënt se saak voor die raad aan te voer
- Om kontrakte en ooreenkomste vir kliënte op te stel
- Om kliënte oor huishoudelike en finansiële sake raad te gee
- Om rakende die wetlike vestiging van maatskappye raad en hulp te gee
- Skuldinvordering – verhaling van skulde van debiteure
- Aktebesorging – oordrag van onroerende eiendom en verbande
- Voorbereiding van hofdokumente (dagvaardings, ens)
- Oorlegpleging met advokate (waar nodig)
- Testamente – opstel van testamente en administrasie van bestorwe boedels (Enige 4 × 2) (8)

2.4

PROKUREUR	ADVOKAAT
• Vereis opleiding van twee jaar voor toelating • Werk regstreeks met kliënte • Kan kliënte slegs in die laer howe verteenwoordig • Alle praktiserende prokureurs moet tot die Prokureursorde behoort	• Opleiding van een jaar voor toelating • Werk nie regstreeks met die kliënt nie • Kan namens kliënte in alle howe verskyn • Alle advokate moet tot die Balieraad behoort

(4 × 2) (8)

2.5
- ’n Testament is slegs geldig as dit voldoen aan die volgende formaliteite wat deur die Wet op Testamente en die gemenereg voorgeskryf word:
- Dit moet op skrif gestel word.
- Die testateur moet 16 jaar of ouer wees.
- Dit moet geskryf word met ’n duidelike bedoeling om ’n testament uit te maak.
- Dit moet onafhanklik van enige begunstigdes opgestel word.
- Testateur moet ten tyde van die ondertekening van die testament by sy/haar volle verstand wees.
- Testateur moes nie onder dwang opgetree het nie.
- Die testateur moet die testament onderteken.
- Die testateur moet die testament in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies onderteken.
- ’n Getuie tot ’n testament moet minstens 14 jaar oud wees en in staat wees om in ’n geregshof te getuig.
- Die getuies moet elke bladsy onderteken, in die teenwoordigheid van die testateur en mekaar.
- Wanneer ’n testament uit meer as een bladsy bestaan, moet die testateur op elke bladsy sy/haar handtekening aanbring.
- Die testament moet gedateer wees. (Enige 5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1
- Alle dokumente moet in swart gedruk word.
- A4-papier moet van ’n goeie gehalte wees.
- Fontgrootte moenie te klein wees nie.
- Daar moet slegs op een kant van die papier gedruk word.
- Kantruimtes moet ongeveer 3 cm wees.
- In sommige gevalle word dubbelreëlspasiëring vereis.
- Dagvaardings en pleitstukke moet deur die prokureur en advokaat onderteken word, en hul name en adresse bevat.
- Elke beëdigde verklaring wat ingedien word, moet ’n duidelike sertifikaat bevat wat deur die prokureursfirma opgestel is. (Enige 6 × 2) (12)

3.2
- ’n Formele verklaring dat ’n debiteur insolvent is
- Dit word op twee maniere toegestaan: vrywillig of deur verpligte hofbevel
- Die doel van sekwestrasie is om regverdige verdeling van die debiteur se boedel onder sy krediteure moontlik te maak.
- Dit is die debiteur se boedel en nie die debiteur self nie wat gesekwestreer word. (4 × 2) (8)

3.3 3.3.1 Die Prokureursorde van Suid-Afrika (2)

3.3.2
- Maak ’n afspraak met die betrokke prokureur en bespreek die saak voordat ’n formele klag ingedien word.
- Indien geen beslissing gemaak word nie, kontak die naaste provinsiale Prokureursorde van Suid-Afrika.
- Rig ’n brief aan die Prokureursorde van Suid-Afrika. Identifiseer jouself in die brief, asook die betrokke prokureur, die klag en die redes vir jou ontevredenheid.
- Die kliënt kan die sitting bywoon of verkies om anoniem te bly. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 *Domicilium citandi et executandi* = In basiese terme beteken dit die fisiese tuisadres waar jy woon. ✓✓
In ’n regskonteks is dit meer ingewikkeld, aangesien dit dui op die adres wat benoem is deur ’n party in ’n wettige kontrak, waarheen regskennisgewings (dagvaardings, ens) en ander dokumente gestuur kan word. (2)

4.2 4.2.1 Yolanda Krutani (2)

4.2.2 Die beëdigde verklaring is afgelê (deur Yolanda Krutani) om die name te lys van al die naasbestaandes (lewend en dood) van die oorledene (haar vader – Johannes Krutani). (2)

4.2.3 Ja✓
Beëdigde verklarings is regtens bindend. Sodra die dokument onderteken is, kan die deponent van meineed aangekla word as bevind word dat die beëdigde verklaring valse feitestellings (inligting) bevat.✓✓ (3)

4.2.4 Ja✓
Beëdigde verklarings kan met die hand geskryf of getik word. Alle beëdigde verklarings moet egter bekragtig word, met ander woorde, 'n notaris of ander openbare beampte moet aanskou dat jy dit in hul teenwoordigheid onderteken.✓✓ (3)

4.2.5 Alle beëdigde verklarings moet onderteken word deur die deponent in die teenwoordigheid van 'n landdros, vrederegter, 'n kommissaris van ede, notaris of ander beampte wat deur die reg daartoe gemagtig is.✓

'n Notaris of ander beamptes hier bo vermeld, bevestig die egtheid van die deponent se persoon en handtekening deur identifikasie te kontroleer en die dokument/verklaring te onderteken en te stempel.✓ (3)

4.2.6 Ja✓
'n Beëdigde verklaring kan herroep of gewysig word, maar onder sekere voorwaardes.✓ Ten einde 'n beëdigde verklaring te herroep of te wysig, moet jy eers die owerheid identifiseer by wie jy dit ingelewer het en hulle onmiddellik kontak.✓ (3)

4.2.7 Oor die algemeen, as jy 'n klein fout begaan het, soos 'n setfout, hoef jy nie 'n nuwe beëdigde verklaring op te stel nie. Jy kan dit na 'n prokureur of notaris neem om enige klein foute reg te stel.✓✓
As jy 'n ernstige (wesenlike of kritieke) fout begaan het, moet jy waarskynlik 'n nuwe beëdigde verklaring opstel, en verduidelik waarom jy dit verander het.✓✓ (2 × 2) (4)

4.2.8 Nee✓
Daar is geen ouderdomsgrens of -vereiste wat vir die deponent geld by die ondertekening van 'n beëdigde verklaring nie.✓✓ (3)

4.2.9 Mits die deponent by sy/haar volle verstand is,✓ en oud genoeg is om die belangrikheid van die eed✓ en bevestiging van feite te verstaan, mag hulle dit onderteken. (2)

4.2.10 As jy in jou beëdigde verklaring lieg, pleeg jy meineed.✓
Jy pleeg bedrog en stel jouself dus bloot aan talle gevolge. Gevolge kan boetes, gemeenskapsdiens of selfs tronkstraf insluit.✓✓ (3)
[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Dit is die formele aanvaarding deur ’n persoon wat deur die Meester aangestel word as eksekuteur van ’n bestorwe boedel of (in meer formele terme) dit is ’n onderneming en aanvaarding van die Meester se voorskrifte deur die eksekuteur/eksekutrise
Indien ’n kandidaat J155 skryf, ken slegs EEN punt toe. (2)

5.1.2 Om bewys te hê (op rekord) van die aanvaarding van die pligte en verantwoordelikhede wat aan die eksekuteur opgedra word by wyse van die Meester se voorskrifte kragtens artikel 18(3) van die Boedelwet, 1965. (2)

5.1.3 Die applikant is die eksekuteur testamentêr of eksekuteur datief wat toesig oor die administrasie van die oorledene se testament sal hou. (2)

5.1.4 Die aangestelde persoon moet die goedkeuring van die gade van die oorledene wegdra.
Die eksekuteur kan enige familielid of bloedverwant in tweede graad van die oorledene wees. (2 × 2) (4)

5.1.5 Nee.
Hoewel Yolanda ’n familielid is (dogter van oorledene), is sy ’n minderjarige en kan daarom nie as eksekuteur van haar vader se boedel aangestel word nie. (2)

5.1.6 Die eksekuteur verklaar dat hy of sy nie insolvent is ten tyde van die aanvaarding van die aanstelling deur die Meester nie.

OF

(Alternatiewelik: Die persoon wat die benoeming as eksekuteur deur die Meester aanvaar, verklaar dat hy of sy nie in ’n posisie is waarvolgens hy of sy insolvent is nie en nie die rehabilitasietydperk deurloop het nie.) (2)

5.2 5.2.1 Vra vir die persoon hoeveel take (dinge) die volmag (prokureur of persoon) namens hom of haar moet verrig OF moet die volmag vir ’n enkele taak of meerdere take geld? (2)

5.2.2 Spesiale (beperkte) volmag✓✓ (net om die oordrag van die huis in die persoon se naam te hanteer)
Rede: Spesiale volmag geld slegs vir ’n spesifieke taak of ’n enkele saak. ✓✓ (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.2.3 Algemene volmag (2)

5.2.4 Indien ’n hoë mate van vertroue tussen die gewer en die volmag bestaan, kan ’n algemene volmag gegee word; as daar egter slegs een taak ter sprake is of weinig vertroue bestaan of daar rede is om so te dink, behoort die gewer ’n spesiale (beperkte) volmag te gee vir elke taak wat die volmag moet doen.
Waar die gewer meer as een taak het wat die volmag moet hanteer en daar is ’n vertrouensposisie tussen hulle, is ’n algemene volmag raadsaam, maar let daarop dat, in die geval van ’n algemene volmag, meer regte toegestaan word of meer bevoegdheid aan die persoon/volmag verleen word.
(ENIGE ANTWOORD SOORTGELYK AAN DIE BOSTAANDE IS AANVAARBAAR.) (2)

5.2.5 Ja ✓✓
Waar ’n volmag aan ’n prokureur verleen word (X, in hierdie geval), is dit aanvaarbaar dat (ongeag watter tipe volmag gegee word) volmag verleen word aan alle vennote in die regsfirma, TENSY daar anders op die volmagvorm gestipuleer word (tersaaklike gedeelte is geskrap). ✓✓ (2 × 2) (4)

5.2.6 Toestemming word in die volmag verleen dat enige ander vennoot in die regsfirma (nie slegs die prokureur/vennoot wat genoem word nie) die instruksie kan uitvoer (hanteer), soos in die volmag gespesifiseer. (2)
[30]

VRAAG 6

6.1
- Insolvente persone mag nie skuld aangaan nie.
- Indien getroud in gemeenskap van goed, word die gesamentlike boedel beskou insolvent te wees.
- Indien buite gemeenskap van goed getroud, moet die debiteur eienaarskap van eiendom bewys.
- Enige erfporsie tydens die insolvensietydperk maak deel uit van die insolvente boedel.
- Debiteur moet maandelikse state aan die kurator voorlê. (5 × 2) (10)

6.2

BOODSKAP

Aan: Mnr W Luzet_____

Van: ___Mnr S Sibeko_____

Telefoon: Enige nommer

X✓✓	Het geskakel	Het jou kom spreek	
	Skakel asseblief terug	Wil afspraak maak	
	Sal weer skakel	Het teruggeskakel	

Boodskap: Mnr Sibeko het geskakel, hy wil die afspraak van 28 Mei kanselleer.

Tyd: ……10:00

Afgeneem deur: Lucy Diale

(10)

6.3
- Skryf die boodskap op ’n notaboek neer.
- Plaas die notaboek op mnr Luzet se lessenaar.
- Skryf in sy dagboek dat hy op die boodskap moet let.
- Maak ’n aantekening op die kalender op 28 Mei, en skryf ‘kansellasie van afspraak’.
- Maak ’n aantekening in jou dagboek om die kansellasie met die kliënt te bevestig nadat mnr Luzet ingestem het om die afspraak van 28 Mei te kanselleer. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Die wenke is baie nuttig omdat dit my sal help om die probleem en uitdaging voorhande te hanteer.
Die gesentraliseerde alfabetiese liasseerstelsel en horisontale metode wat ons tans gebruik, werk nie vir die firma nie. Die sentralisering van lêers en gebruik van die horisontale metode om lêers te stoor is nie meer prakties nie en moet verander.

Die ordening van lêers moet ook die skeiding van afgehandelde lêers en veiligheidslêers behels. Dit sal in 'n argief en vuurvaste kluis onderskeidelik gestoor en bestuur word.

Met behulp van die kantoorklerk sal ek (volgens regsprotokolle) ontslae raak van afgehandelde lêers en dié wat die vereiste stoortyd oorskry het.
In my nuwe stelsel sal ek 'n gedesentraliseerde alfabetiese en/of numeriese stelsel in werking stel en verander na 'n vertikale metode om ons kliënt- en ander lêers te stoor, met dié verskil dat elke afdeling (litigasie, skuldinvordering, aktebesorging, kommersieel en testamente) elk hul eie lêers sal hanteer en stoor. Elke afdeling sal vir hul eie lêers verantwoordelik wees.
Die kantoorbestuurder sal ons nuwe stelsel gereeld oudit, waarna ons aanpassings sal maak, waar nodig.

ENIGE SOORTGELYKE VERDUIDELIKING IS AANVAARBAAR.
(GEBRUIK DISKRESIE BY DIE TOEKENNING VAN PUNTE)
(2 × 2) (4)

7.1.2 Die horisontale liasseermetode waarvolgens kliënte se lêers gestoor word, is nie prakties nie.

Die gesentraliseerde liasseerstelsel wat tans gebruik word, beteken al die lêers van die regsfirma word in een area/kantoor of vertrek byeengebring en gestoor. Dit is nie prakties in 'n regsfirma wat verskillende afdelings het nie. (2 × 2) (4)

7.1.3 Met die nuwe stelsel sal ek 'n gedesentraliseerde alfabetiese en/of numeriese stelsel in werking stel en oorskakel na 'n vertikale metode waarvolgens ons kliënt- en ander lêers gestoor word.
Rede: Die gebruik van die vertikale liasseermetode is baie prakties omdat alle lêers in 'n regop posisie gestoor word waar hulle ook al geliasseer word. Lêername sal duidelik sigbaar wees en gebruikmaking van die vertikale metode sal daartoe lei dat lêers maklik opgespoor en teruggekry word.✓✓

OF

Deur gebruikmaking van 'n gedesentraliseerde alfabetiese en/of numeriese stelsel sal elke afdeling van die regsfirma (litigasie, skuldinvordering, aktebesorging, kommersieel en testamente) hul eie lêers hanteer en stoor en daarvoor verantwoordelik wees. Dit sal die kantoorklerk help om nie lêers te verloor of te misplaas nie.
(3 × 2) (6)

7.2

	Kwalifikasies van hierdie praktisyns	**Aard van werk wat hulle doen**	**Hof/howe waarin praktisyns verskyn/mag verskyn**	**Tipes sake wat hierdie praktisyns aanhoor**
Prokureurs	LLB-graad Ekstra kwalifikasies benodig om as notaris en/of aktebesorger op te tree	Werk regstreeks met kliënte; Doen regs- en adminwerk. Kan spesialiseer op gebiede indien gekwalifiseeras notaris of aktebesorger	Laer howe; Hoë Howe in besondere gevalle	Siviele sake en strafsake
Kommissarisse	Hulle is óf prokureurs óf advokate; dus LLB-graad	Verhoor sake van eiser en verweerder en lewer uitspraak	Hof vir Klein Eise✓	Siviele eise (maks R120 000)
Landdroste	Slegs 'n minimum kwalifikasie word benodig, bv B. Proc.; B. Iuris-graad	Verhoor siviele en strafsake; en lewer geskikte uitsprake; doen voorlopige ondersoeke na meer ernstige sake; onderneem administra-tiewe sake en hanteer die administrasie van distrikshowe.	Laerhowe Rondgaan-de howe	Siviele sake en strafsake✓
Regsassistente	Slegs informele opleiding. Kan diploma- of hoër sertifikaat-kursus doen om as regsassistent te kwalifiseer	Tree in raadgewen-de hoedanig-heid in sekere sake op	Verskyn nie in enige howe nie	Verhoor nie enige sake nie

(16)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou